:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF.

Deel VI. No. 3. POTCHEFSTROOM. Desember 1938.

# DIE VOORTREKKER-MONUMENT.

**Deur die Argitek, GERARD MOERDYK, A.R.I.B.A.**

Die Eeufeesjaar is vir die Afrikaner 'n tydperk van besieling. Nog nooit sedert die ontstaan van ons volk het een enkele gebeurtenis soveel nasietrots gewek as die honderdjarige herdenking van die Groot Trek. Vir die eerste keer in ons geskiedenis voel ons ons nie meer Kapenaars, Vrystaters, Natalers, en Transvalers nie, maar Afrikaners, saamgesnoer deur die tradisies van 'n selfstandige kultuurvolk. Wanneer die klimaks van die Ossewatrek met die hoeksteenlegging van die Voortrekker-Monument bereik word, sal die besieling nie uitsterf nie, die krag wat geskep is sal bly voortgroei tot 'n onweerstaanbare mag. Die Afrikaner sal homself vind, en as die Monument na sowat vyf jaar onthul word, sal die saad wat in hierdie jaar gesaai is, tot volle rypheid gekom het. Dan sal die Monument self tot die volk spreek; intussen egter, is dit wenslik, nee noodsaaklik selfs, om die Monument aan die Afrikaners te verklaar, om 'n uiteensetting te gee van die noodsaaklikheid van so 'n Monument, sowel as om die motief te verduidelik wat as inspirasie gedien het vir die ontwerp daarvan.

Behalwe die Vroue-Monument in Bloemfontein, is daar geen enkele groot Afrikaanse Monument in Suid-Afrika nie. Dis 'n skrikwekkende leemte, wat lei tot 'n minderwaardigheidsklompleks in 'n volk. Vanaf die standbeeld van Jan van Riebeek, 'n mooi stuk werk, maar deur 'n Engelse

beeldhouer in opdrag van John Cecil Rhodes gemaak, verby die Rhodes-Memorial, die ruiterstandbeeld van Dick King in Durban, die 1820 Settlerstoring by Port Elizabeth, die Pioneers Memorial in Kimberley, die Oorlogsmonument voor die Uniegebou, tot by die Standbeeld van David Livingstone aan die kant van die Watervalle, is alles Brits, totdat die indruk geskep word dat die Engelsman die enigste is wat iets in Suid-Afrika gepresteer het, en die groot beskawingswerk van die Afrikaner word opsy gedruk en vergeet.

Die Groot Trek was een van die grootste enkele onderneminge wat nog ooit in die wêreldgeskiedenis aangepak is, en, wat meer is—dis met skitterende sukses voltooi. Ons het die reg, as volk, om trots daarop te wees, maar tegelykertyd rus op ons die verpligting om hulde te bring aan die Voortrekkers terwille van daardie groot sukses. Die Voortrekkers was nie ontevrede of teleurgestelde politici, nie avonturiers of nomade, hulle was geen bowenatuurlike wesens nie, hulle was mense, dapper en onverskrokke in hulle ondernemingsgees en volhardingsvermoë, maar tog mense. Dis as mense dat ons hulle eer. Hulle het die ontembare binneland van Suid-Afrika met sy barbare, sy siektes en wilde diere getem, hulle het 'n blanke beskawing gestig en bestendig waar voorheen barbarisme hoogty gevier het. Hierdie groot daad het hulle verrig omdat hulle hul families saamgeneem het toe hulle getrek het, en dis hoekom aan die Voortrekkervrou die ereplek by die Monument ingeruim word.

Voor die hoofingang, waar ieder besoeker verby moet kom, sal 'n dertien voet hoë standbeeld van die Voortrekkervrou staan, in beskermende houding met haar kinders. Die beeld is reeds voltooi en word eersdaags gegiet. Dis die werk van Anton van Wouw. In die muur bokant haar word weerskante twee wildebeeste in basrelief aangebring, simbolies van die gevare van Suid-Afrika waarteen sy haar kinders beskerm. Die wildebees is gekies omdat dit die mees skulptureske van ons antilope is, en ten tweede berus die keuse op die geskiedkundige voorval dat toe Piet Retief die rumoer buitekant Dingaan se kraal hoor en hy aan Dingaan vra wat dit beteken,' was Dingaan se antwoord:—Dis my regiment van wildebeeste wat brul. Dit was dan ook daardie regiment van wildebeeste wat Piet Retief en sy mense vermoor het.

Die Monument self sal uit wit graniet met klein swart stippeltjies, gebou word. Hierdie graniet kom uit die Noordelike Transvaal, en sal nie alleen 'n baie kragtige indruk maak nie, maar is van so onverganklike aard, dat dit die elemente vir duisende jare sal trotseer. Die voorneme is om 'n groot Monument op te rig ter ere van 'n groot daad (nie alleen groot in afmeting nie, maar ook in krag, wat die ontembare Afrikaanse natuur kan trotseer, net soos die Voortrekkers dit gedoen en oorwen het.

Die kap van die graniet sal lank duur, want dit moet baie sorgvuldig gedaan word. Die werk word vir 100% deur blanke arbeid gedaan, en vir 90% deur Afrikaners, dus word met die oprig van die Monument tegelykertyd 'n geleentheid vir werk aan baie mense verskaf. Op elkeen van die vier hoeke van die monument sal 'n reusefiguur van 'n Voortrekkerleier uit dieselfde graniet gekap, opgebou word; simbolies sal die figure as hoekstene vir die Afrikanervolk dien.

Binnekant, soos die afbeelding toon, sal daar drie verdiepings wees. In die onderste sal die sarkofaag uit marmer gekap staan. Dit sal dien as simbool van die grootste offer wat die Voortrekkers vir hulle ideaal gebring het. Op hierdie sarkofaag sal die woorde:—Ons vir jou, Suid-Afrika, uitgebeitel word.

Die sentrale saal sal dien nie as vergaderplek nie maar as eresaal ter gedagtenis aan almal wat in die verlede meegehelp het en in die toekoms nog sal bydra tot die verwesenliking van die groot Voortrekker-ideaal van 'n apartstaande blanke kultuurvolk. Rondom teen die muur sal 'n fries aangebring word, 7vt. 6dm. hoog en 260 voet lank, op een na die grootste fries van die aard wat ooit gemaak is. Dit sal bestaan uit 32 taferele, wat die geskiedenis van die Groot Trek uitbeeld vanaf die uittog uit die Kaap tot aan die verwesenliking van die doel van die Trek, nl. die stigting en erkenning, deur die Sandrivier-Konvensie, van die Republieke. Hierdie taferele word deur verskillende dorpe en verenigings geskenk. Die beeldhouer vir hierdie werk moet nog aangewys word.

Die boonste verdieping sal dien alleen as wandelgang, van waar mens af sal kan kyk heeltemaal deur tot op die sarkofaag. Aan die binnekant van die dom sal deur 'n Afrikaanse skilder of skilders taferele geskilder word wat die betrekkinge van die Voortrekkers tot die see aantoon, om uit te beeld dat die Voortrekkers kontak met die buitewêreld wou bewaar, en nie, soos hulle dikwels die verwyt gemaak is, alleen besiel was met die gedagte om van alle beskawing weg te kom nie.

Buite, rondom die dom, sal ook 'n wandelgang wees, van waar die besoeker aan die Suidekant tot Aasvoëlkop en oor die hele Witwatersrand sal kan sien, in die Ooste sal hy in die verte die rook van die Premiermyn sien opstyg, aan die Westekant sal hy die industriële ontwikkeling van Pretoria met die Yster- en Staalnywerheid gadeslaan, maar Noordwaarts sal voor sy blik uitgestrek lê die Magaliesberge, die Springbokvlakte en in die verte die Waterberge,—Afrika, in al sy harde skoonheid aan die Noorde van die Monument,—die Noorde wat steeds die rigting en doel van die Voortrekkers was.

Ons volk is by uitstek 'n Godsdienstige volk, en 'n Monument wat ons volkskarakter moet vertolk, moet vanselfsprekend die karakter van 'n

kerk weergee, 'n afgesonderde terrein, beskerm van die daelikse gewoel en die dreigemente van die al te snelle pas van die moderne lewe. Rondom die Monument word 'n laer getrek, uiterlike teken van beskerming vir die Afrikanervolk, en kenmerkend van die geskiedenis van die Groot Trek. Die waens, uit graniet gekap, sal, volgens skaal, die regte grootte wees, en die getal 56 is dié van die laer wat by die slag van Bloedrivier as beskerming teen die barbaar gedien het.

Die ligging van die Monument, so langs die groot nasionale weg na die Noorde, is besonder geskik vanuit baie oogpunte. Temidde van die drukste sentrum van die Unie, sal dit staan waar honderde mense, Afrikaners, sowel as vreemdelinge elke dag verbykom. Die natuur is nie so groot dat dit die struktuur sal oorskadu nie, maar groot genoeg om mee te help om tot sy grootsheid by te dra. Die omgewing, met sy suikerbos en doring begroeide heuwels, kan met geringe verandering tot 'n groot volkspark ingerig word waar die Afrikaner jaarliks Dingaansdag kan vier, waar hy sy voorgeslag hulde kan bring en vir die nageslag besieling vind.